VERJAARDAE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende die vakansie hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	24/03	**Susan van der Berg.**. Wyk6
		Gideon Wentink (5). Wyk 3
Di	25/03	**Elsie Buys (86).**. Wyk 13
		Mien Prinsloo (89),. Wyk 11
Do	27/03	**Bennie van der Berg (85),**. Wyk 8
Vr	28/03	**Susan Nortjé,**. Wyk 9
So	30/03	**Johanna van Vuuren (92),**. Wyk 11
		Catrien Wentink,. Wyk 3
Ma	31/03	**Leoné Malan,**. Wyk 7
Wo	02/04	**Theon Chambers,**. Wyk 5
Do	03/04	**Peet Buys (91),**. Wyk 13
		Susan Coetzee,. Wyk 12
		Ronel Erasmus,. Wyk 11
Vr	04/04	**Nico Spaumer,**. Wyk 12
		Anel Venter,. Wyk 3

Seënbede met meelewing Psalm 20: 2

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 11. Sondag 23 Maart 2025
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan.
Ouderlinge: Wyk 5 **Danie Erasmus** en Wyk 6 **Vakant**
Diakens: Wyk 5 **Rudy van der Spoel** en 6 **Coetzer Stoop**
Skinkbeurt: Wyke 5 en 6 **Wyksusters Dina Coetsee en Frieda v d Walt**
Erediens Huis Eikelaan om 15:30: Ds Awie Verhoef

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: Jakobus 1:1-18
Fokusverse: Jakobus 1:5-8.
TEMA: ***Gebed om wysheid in beproewing***.
Sing: Skrifberyming 20-1:1, 5, 6 (49) (melodie Psalm 134); Skrifberyming 12-2: 1, 2, 3, 4(27) (sonder begeleiding), 5; Psalm 119: 11, 38 (tweede melodie); Psalm 27:4, 6; Psalm 134: 4; Psalm 90: 3, 7, 9.
Sing met meelewing: Psalm 20: 2 (melodie Skrifberyming 18-6).

AAND: Woordbediening: Matteus 22:1-14.
Fokusverse: Matteus 22:3b ("… maar hulle wou nie kom nie.")
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, paragraaf 6.
TEMA: ***In ongeloof deur hulle eie skuld gaan baie wat die belofte van die evanglie hoor, verlore***.
Sing: Psalm 122:1; Psalm 45:1, 9, 16 (tweede melodie); Skrifberyming 15-7: 4, 5(43); Skrifberyming 18-3:1, 8, 9 (eerste melodie Psalm 149); Psalm 23:1, 2, 3 (na die wegstuurseën).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Ekumenisiteit (Buitelands)*
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week: Spesiale kollekte is vir *Emeritaatsversorging*

Erediens: Huis Eikelaan
Ds. Awie Verhoef, emeritus van die Gereformeerde Kerk Wierdapark, sal met die erediens in die Kapel van Huis Eikelaan vanmiddag om 15:30 voorgaan. Die toesigbeurt sal deur ouderling Danie Erasmus waargeneem word.

Hierdie Op die Kerkwerf is die laaste van hierdie kwartaal. Die volgende Op die Kerkwerf verskyn weer DV op Sondag 6 April 2025.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Broers en susters,
Ontvang asseblief my opregte dank vir u meelewing met my verjaardag. Van die wonderlike gemeenskap met medegelowiges Sondag en die boodskappe van elkeen wat saam met my gedeel het in my vreugde en dankbaarheid teenoor die Here vir sy genade, is ek baie dankbaar. Ds Jannes

Om vir almal wat vir my geskakel het of WhatsApp boodskappe gestuur het wil ek net baie, baie dankie sê. Alle eer kom toe aan my/ons Hemelse Vader.
Ek het baie om diep dankbaar voor te wees. *Wymie.*

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons doen graag voorbidding vir ons broers en susters wat nog aansterk na die operasies wat hulle die afgelope tyd ondergaan het: **Susan Coetzee, Loffie Eloff, Wymie du Plessis, Suzie Marais.** Ons bid u elkeen 'n volkome herstel toe.

Susan Nortjé is uit Medikliniek ontslaan en sterk nou tuis aan. Ons verseker haar en Koos en hulle geliefdes van ons voorbidding.

Ons het verlede Sondag afgekondig dat **Magda Pelser-van der Merwe** siek was. Ons bede is dat sy met nuwe krag versterk mag word en goeie gesondheid en lewenskwaliteit mag geniet.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Jesse en Stienie Niemand** wat nog siek is. Mag daar vir hulle spoedig beterskap en uitkoms kom.

Salomé Kruger het die afgelope week 'n geslaagde prosedure in Mooimed Hospitaal ondergaan. Ons bede is dat Salomé volkome herstel mag ontvang en lewenskwaliteit mag geniet.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	23/03	15:30	Erediens Huis Eikelaan	Kapél

KATKISASIE	Sondag 13 April 2025
Hoërskoolkatkisasie	Les 8
Lesrooster:	Les 8
Psalmvers:	Psalm 43: 3
Heidelbergse Kategismus:	Sondag 8
Memoriseerwerk (Gr. 1-2)	Onse Vader, 7de bede

BYBELSTUDIES

Die Bybelstudie by Huis Eikelaan het afgesluit vir die kwartaal. Dit sal weer DV op 8 April hervat.
Volgens die jaarprogram hervat ons Bybelstudiegeleenthede onderskeidelik weer DV op 8 en 9 April 2025.

BEVESTIGING AS OUDERLING

Ons is dankbaar dat Koos Nortjé die roeping tot die diens van ouderling opgevolg het en vandag in die diens van ouderling bevestig word. Al die ouderlinge en diakens moet asseblief ná die oggenddiens en bevestiging in die konsistorie vergader vir die ondertekening van die formulier.

VERLOF: PROF. CALLIE COETZEE

Prof. Callie Coetzee is vanaf 19 Maart tot 2 April met verlof. Dit is ons gebed dat hierdie rustyd vir hom verkwikkend mag wees. Lidmate in die tehuise wat onder prof. Callie se sorg is, kan met vrymoedigheid in hierdie tyd ds. Jannes of hulle wyksouderlinge kontak wat hulle graag sal bystaan en ondersteun.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Dag	Datum	Naam en Van
Wo	26/03	Dana en Wilmarie du Plessis (14 jaar)
		Gideon en Catrien Wentink (14 jaar)
Vr	28/03	Johan en Anneke Markgraaf (55 jaar)

Die spesiale kollektes in April 2025:

Sondag	6 April	Emeritaatsversorging
Sondag	13 April	Emeritaatsversorging
Sondag	20 April	Kerklike Tydskrifte
Sondag	27 April	GKSA Sustentasiefonds

PATRIA MANSKOSHUIS van die NWU is besig met 'n liefdadigheidsprojek en vra vir skenkings van tweedehandse klere wat hulle vir behoeftiges in Potchefstroom en omliggende dorpe wil uitdeel.
Hulle het gevra of ons gemeente moontlik sal deelneem aan hierdie projek. Enige skenkings kan by die kantoor afgegee word gedurende kantoorure en ek sal dit dan aan Patria besorg.
Dankie byvoorbaat, Malie

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 5 en 6 nooi almal uit
om na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel.
Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

Geopende Deure
FRONTLINIE GELOOF
Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

Wêreldwaarnemingslys tendense

In 78 lande is die syfers gelykstaande aan een uit elke sewe Christene wat in omstandighede met ten minste hoë vlakke van vervolging of diskriminasie weens hul geloof leef.

Outoritarisme beheer in Sentraal-Asië

Die Geopende Deure 2025 Wêreldwaarnemingslys onthul dat geweld en outoritêre beperkings teen Christene die afgelope jaar wêreldwyd toegeneem het, veral in Sentraal-Asië en sub-Sahara Afrika. Kirgistan is verreweg die land wat die meeste uitstaan en die skerpste styging toon op die WWL, die jaarlikse ranglys van lande waar dit die moeilikste is om as 'n Christen te leef.

Burgeroorloë

Burgeroorloë in Jemen, Mianmar en Soedan het onstabiele omgewings geskep, wat Christene in die kruisvure geplaas het.

Geweld in sub-Sahara Afrika

Sub-Sahara Afrika (SSA) is die gewelddadigste plek in die wêreld vir Christene. Chroniese onstabiliteit in die regering en burgerlike konflik het 'n vakuum geskep in verskeie nasies in SSA, wat deur opportunistiese Islamitiese militante gevul word.

Die verdwynende Kerk

Die Kerk word in verskeie lande weggedryf of gedryf om ondergronds te gaan. Veral in die Midde-Ooste is verskeie Christen-gemeenskappe aan die kwyn en, in sommige gevalle, op die rand van uitsterwing.

Moniteringstate

Christene in China (15) en ander outokratiese state is weens gevorderde monitering toenemend versigtig om hul geloof openlik uit te druk.

Wêreldwaarnemingslys in syfers

Die belangrikste tendense van die 2025 WWL is:

- Altesaam 4 476 Christene is wêreldwyd doodgemaak weens hul geloof.
- Vyf van die top 10 lande op die 2025 WWL is in Afrika.
- Daar was 28 368 aanvalle op Christene se huise, winkels of ondernemings weens geloofsverwante redes.
- Altesaam 16 miljoen Christene in sub-Sahara Afrika het gedwonge ontworteling weens geweld deurgemaak.
- Meer as 380 miljoen Christene wêreldwyd staar hoë vlakke van vervolging en diskriminasie in die gesig.